



## DIÉ WEEK IN DIE LANDBOU



### SKAAP, KAMERA, AKSIE!

Dr. Faffa Malan, bekende veearts, skrywer van die rubriek "Vra vir Faffa" en Landbou.com, het verlede week 'n spesiale Landbouweekliks-program op Nampo verfilm, wat op 5 Junie op Via (kanaal 147) uitgesaai sal word. Mnr. Pieter Wiese van Loxton het hom gehelp om die vyf stappe te demonstreer hoe jy 'n skaap vir parasietbesmetting inspekteer. Sy boek *Vra die veearts - Wat beesboere moet weet (2)*, is ook op Nampo bekend gestel en is tans te koop. FOTO: LIZA BOHLMANN

### SLENKDAL-SKOK

'n Geval van slenkalkoors is bevestig op 'n plaas in die distrik Jacobsdal in die Vrystaat. Volgens 'n verklaring van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie is net een plaas geraak en die plaaslike staatsveearts was teen druktyd besig om dit te ondersoek. Dié siekte affekteer beeste, skape en bokke en veroorsaak aborsies en vrektes by veral jong diere. Dit kan ook na mense oorgedra word wat in aanraking kom met bloed of ander liggaamsvloeistowwe van 'n besmette dier of geaborteerde fetus.

Die departement maan boere om hul diere in te ent voor die volgende somer begin. Boere moet onthou om dragtige diere alleenlik met onaktiewe entstowwe in te ent. Besmette inspuitsnaalde kan die virus versprei.

### ELEKTRIESE U-DRAAI

Die energiereguleerder Nersa gaan skynbaar voorlopig afstand doen van sy plan om te vereis dat alle private kraginstallasies wat 1 MW of minder opwek, gelisensieer moet word. Moneyweb het vasgestel dat 'n proses onderweg is om die omstrede nuwe

reëls - wat sedert dit einde April bekend gemaak is, met hewige en wydverspreide teenkanting begroet is - te onttrek en te hersien. Moneyweb verneem dat die Minister van Energie nou eers 'n konsultasieproses van stapel sal stuur voor 'n nuwe konsultasiedokument met nuwe voorstelle vir onafhanklike kleinskaalse elektrisiteitsopwekking bekend gemaak sal word.

### GROOT VERLIGTING

Agri SA en die TLU SA het hul verligting uitgespreek omdat die datum vir kommentaar op die voorgestelde wysiging van die Grondwet ten opsigte van die onteiening van grond sonder vergoeding uitgestel is. Mnr. Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, sê dit gee hulle tyd om meer mense te bereik. Me. Annelize Crosby, hoof van grondsake by Agri SA, sê dit is waarskynlik die voorstel en die parlementêre proses wat die meeste kommentaar tot nog toe sal ontlok. Dié organisasie sal steeds sy kommentaar teen 31 Mei lewer, en die dokument kan na verwagting tot 200 bladsye lank wees. Stuur navrae en kommentaar aan me. Pat Jayiya ([pjayiya@parliament.gov.za](mailto:pjayiya@parliament.gov.za)), of per gewone pos aan Konstitusionele Oorsigkomitee, Parlement, Posbus 15, Kaapstad 8000.

### URAANVRY

Mnr. Jeff Radebe, Minister van Energiesake, het die Regering se verbintenis tot hernubare energie benadruk tydens sy openingsrede van die African Utility Week verlede week in Kaapstad. Hy het nie 'n woord gerep oor kernkrag nie. Hy het afgevaardigdes verseker dat die langverwagte ge-

integreerde hulpbronneplan, wat die bloudruk vir die land se kragbehoefte en -opwekking oor die volgende 20 jaar daarstel, in Augustus vanjaar afgehandel sal wees. Hy het gesê die Regering het reeds 91 projekte met 'n gesamentlike vermoë van 63 000 MW in werking. Altesame R56 miljard sal ook oor die volgende 3 tot 5 jaar belê word. Die kontrakte vir 'n verdere 27 hernubare kragprojekte, wat in April onderteken is, sal dan 'n aanvang neem.

### DOEN SO VOORT

Die Regering beskou steeds landbou-verwerking as 'n sektor van deurslaggewende belang vir werkskepping en ekonomiese groei, blyk uit die tiende herhaling van die Regering se aksieplan vir nywerheidsbeleid (Ipap), wat onlangs in die Parlement bekend gestel is. Volgens dr. Rob Davies, Minister van Handel en Nywerheid, sal die klem in die huidige boekjaar val op 'n ontwikkelingsplan vir nismarkte, die ontwikkelingsplan vir die halaalbedryf, die vestiging van 'n aanleg om hoender meganiese te ontheen om invoer te verminder en 'n landbouverwerking- en uitvoervrugte-ontwikkelingsplan. Lees meer by [bit.ly/2L87Zbh](http://bit.ly/2L87Zbh).

### TROUSEËNING

Die Mededingingstribunaal het Bayer se oorname van Monsanto voorwaardelik goedgekeur. Die tribunaal sê in 'n verklaring die Mededingingskommissie het die tussentydse oorname oorspronklik in Mei verlede jaar goedgekeur, onderhewig aan sekere voorwaardes onder meer dat die nuwe entiteit Bayer se filiaal vir genetiese eienskappe, Liberty Link, en verwante ondernemings verkoop.